

HOE OM JOU LEWE TE VERWOES NOG VOORDAT JY 16 IS ...

(soos geskryf deur Marius Nel vir E-Kerk)



Jy kan as jongmens jou lewe heel effektief in 'n gemors verander voor jy uit die hoërskool gaan. Johan Smith verduidelik in sy boek 15 maniere waarop jy dit kan doen.

Dit het alles met keuses te make. Jy kan keuses maak wat tot 'n suksesvolle, gelukkige lewe lei. En jy kan ander keuses maak wat jou uit die hoofstroom van die lewe haal en op 'n pad plaas waar jy net donkerte en ellende gaan sien.

Elke jongmens behoort hiervan kennis te neem. En elke ouer ook, sodat hulle die jongmense in hulle lewe behoorlik kan inlig, vir ten minste twee redes. In die eerste plek staan ons jongmense voor groepsdruk soos hulle ouers nie geken het nie. Die druk om in te wees is oorweldigend en die vernedering as jy nie in is nie, is ewe groot. In die tweede plek beleef ons kinders versoekings waarvan ons net in fluisterpraatjies gehoor het, en dan ook net as ons in die verkeerdste kringe beweeg het. Vandag kom staan dit selfs voor die laerskoolkind. Dink aan dwelms. Dis vrylik beskikbaar in winkelsentrums en by handelaars, selfs op die skoolgronde. Of voorhuwelikse seks en losbandigheid. Wie doen dit nie? En met die uiters effektiewe voorbehoedmiddels kan dit tog geen skade doen nie?

Johan Smith skryf hier oor alkohol, die versoeking om jou met ander te vergelyk, die swart hond van selfmoord wat dikwels agter sommige tieners aanloop, 'n lewe sonder waardes, hoogmoedigheid, die keuse om jou ouers se gesag te verwerp en grense en dissipline in jou huis te ignoreer, rook, alkohol, pornografie, eetversteurings, verkeerde vriende, okkultisme en New Age. Alles keuses waarvoor jongmense te staan kom en waarteen hulle dikwels nie opgewasse is nie omdat hulle nie behoorlik ingelig is nie. En die gebrek aan inligting het soms te doen met ouers se eie waningeligtheid of hulle gebrek aan kommunikasie met hulle tieners oor die sake wat werklik saak maak. En soms het dit ook te doen met die kerk wat sy roeping mis om te praat oor wat die wesensinhoud van die jeug se daaglikse lewe vorm. As iemand dié boek kan skryf, is dit Johan Smith, vir twintig jaar besig om jongmense te bedien en tans die hoof van jeugbediening by die NG Gemeente Moreletapark. Sy hart vir jongmense, sy begrip vir hulle dilemmas en sy ingeligtheid oor waaruit hulle lewe bestaan kom op byna elke bladsy aan die lig.

Koop dié boek as jy 'n ouer en oupa of ouma is, lees dit en gee dit vir die jongmens in jou lewe. En praat daaroor.

Ds. Leon Tait



MAANDBLAD

NG Rietfontein-Suid

MEI 2010

2010 - Christus Eerste!

Daar is geen doodloopstrate vir die Gees nie!

³Toe vra Hy vir my: “Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom?” Ek het geantwoord: “Nee, dit weet net U, Here my God.” ¹¹Die Here het vir my gesê: “Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: ‘Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons. ¹⁴Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe (Esegiël 37).

Die laagte met doodsbene is nie vir God ‘n probleem nie, want HY is in staat tot die absoluut onmoontlike! Die Gees kan selfs die beendere in die laagte weer lewend maak.

Jou lewe, of dië van jou familielid of kollega, asook dië van die gemeentelede waarvoor jy bid kan deur die Gees verander word. Die Gees kan herlewering bring sodat ons nog méér aan Sy doel beantwoord. Ons is dankbaar dat Hy reeds met ons besig is. Bid hierdie pinkster dat die Gees se getuieniskrag, liefdeskrag, omgeekrag, dienskrag en oorwinningskrag, nog meer in ons lewens ervaar sal word.


Die Israeliete was moedeloos! Hul het geen hoop meer gehad vir ‘n nuwe toekoms nie. Vir hulle het alles gevoel soos ‘n doodloopstraat! Ken jy die gevoel... in jou lewe, verhouding, familiekring, werkkring of bedizening, in die gemeente of selfs as landsburger? Goeie nuus! Die Gees skrik nie vir doodloopstrate nie! Dit sit Hom gladnie af nie, en keer Hom nie om te doen wat Hy wil doen nie. Geen situasie is ooit so hopeloos dat God moed opgee daarmee nie - nie met vormgodsdienstiges nie, selfs nie eers met Malema nie, en ook nie met wrede plaasmoordenaars nie! God kan hul lewe verander! Om die waarheid te sê, dit is die enigste hoop vir ons land en die kerk in Suid-Afrika! Jy en ek moet die Gees toelaat om in ons, en deur ons Sy veranderende werk te doen!

Kom o Skeppergees en maak ons nuut en bring lewe in die doodsbeendere in ons kerke en veral ook in ons land! Maak deur U Gees dië wat dood is lewend, en dië wat lewe meer Geeskragtig!




Seënvolle pinkstertvd!

Ds Leon van Heerden




!! Onthou datums !!



- **2 Mei @ 9h00**: Huweliksfees afsluiting. Erediens word behartig deur dr Arnold Mol met die tema: Hoe om mense waarvan jy nie hou nie, lief te hê – almal welkom!
- **4 Mei @ 18h30**: Lidmaatskaptoerusting – Geestelike groei (deel 1) – Geloofsekerheid- en groei in konsistorie
- **5 Mei**: Senior lidmate wegbreek
- **9 Mei @ 9h00**: Gesamentlike Kinderdiens en Gemeente-tee
- **11 Mei @ 18h30**: Lidmaatskaptoerusting – Geestelike groei (deel 2) – Getuienis en Rentmeesterskap in konsistorie
- **13 Mei @ 9h00**: Hemelvaartdiens
- **16 Mei @ 9h00**: Herlewingsdiens
- **17 – 21 Mei @ 10h00**: Daaglikse Pinksterbidure
- **17 – 19 Mei @ 18h30**: Herlewingsweek
- **23 Mei @ 9h00**: Nagmaal (Pinksteroffer) & Gemeente –tee
- **30 Mei @ 9h00**: Lofprysingsdiens & Doop

Sien jou daar !!



Program – Pinksterdienste

<u>Dag</u>	<u>Datum</u>	<u>Tyd</u>	<u>Spreeker</u>
Sondag	16 Mei	09h00	Fanie Scheepers
Sondag	16 Mei	18h30	Willie Mc Loud
Maandag	17 Mei	18h30	de Waal Willemse
Dinsdag	18 Mei	18h30	Sammy Tippit ***
Woensdag	19 Mei	18h30	Manie Groenewald
Donderdag	20 Mei	18h30	Sakkie Weber

MOENIE DIT MISLOOP NIE !!

Wit Olifant



Al ons voorrade is gedurende 2009 uitverkoop!

Ons soek asb. dringend na enige goedere in 'n bruikbare en werkbare toestand, bv. boeke, klere, speelgoed, kombuisware, ornamente, juwele, meubels, elektriese toestelle, cd's en dvd's of enige items wat in jou pad is!

Kontak Frieda by 083 235 0236, frieda2@mtnloaded.co.za
of lewer af by 698 Michael Brinkstraat & (h/v 16de laan)

SAF-BOB BEGRAFNIS DIENSTE

Sê nee vir hoë pryse!!

Verassings: R5 500,00

Begravnisse: R6 500,00

Sluit in: kis, graf, (verassing),
kerkfooie en blomme.
(Blaaidjies ekstra)

24 UUR DIENS

**** Theo Steyn**

082 795 0816

**** Hendrik Bronkhorst**

079 386 4517




1022 Hertzogstraat, Waverley, 0186



BOOMSLOPING en snoei van bome & struike.
Kontak Ernst by **083 656 4992**

***Hierdie Rietfluit kan ook
elektronies afgelaai word vanaf die
gemeente webwerf
– besoek gerus:***



**www.rietfontein-suid.ng.org.za
www.rietfontein-suid.ng.org.za
www.rietfontein-suid.ng.org.za**

Jeug sel groepe

Wie kan kom...???

Enige person wat JESUS wil leer ken en HOM met passie wil dien is welkom by die jeug...

Wanneer is dit ...???

Dinsdae: 18:00-19:30 selgroep vir nuwe mense
(Sumari en Deon) - 072 239 3496
082 597 8002

19:30-21:00 CPR for Christ
(Michael) - 072 190 6869

Woensdae: 18:00-19:30 selgroep vir hoërskool kinders
(Rochelle) – 074 898 0818



19:30-21:00 selgroep vir alle mense 2-60 jaar
(Stanwin) – 079 525 5695

Donderdae: 18:00-19:30 selgroep vir hoërskool kinders
(Lize-Mari) – 073 131 2038

19:30-21:00 selgroep vir alle mense 2-60 jaar
(Eloise) – 072 476 1600

** Vir enige sake rakende die jeug of navrae, kontak gerus vir:

Louis Scheepers @ 078 258 5092 of
Carel van Niekerk @ 079 436 6826

150 JARIGE VIERING VAN HERLEWING IN SUID-AFRIKA

2010 is die 150ste herdenking van die 1858-1861 herlewing in Suid-Afrika.

Baie mense weet nie veel van hierdie herlewing nie. Dit is o.a. uit hierdie herlewing dat die NG Kerk in 1867 begin het met 'n jaarlikse instelling van 10 dae van gebed voor Pinkster Sondag. Die herlewing het in 1860 in Montagu begin en na Worcester, Paarl, Wellington en baie ander plekke in ons land versprei. Die eerste tekens van herlewing was reeds in 1857 in KwaZulu Natal en in 1858-1859 in die Oos-Kaap onder die Xhosas sigbaar, maar die herlewing het eers in 1860 landswyd uitbreek.

Wanneer 'n mens die verhaal van die 1857-1862 herlewing lees, sien 'n mens die krag van so 'n herlewing. Dit vee eenvoudig alle goddeloosheid uit die pad. Ons sien God in sy Almag aan die werk. Ons sien die Heilige Gees soos 'n stormwind wat alles in sy pad wegvee. (Ex.14:21; 15:10) Ons sien dat wanneer die vyand soos 'n rivier aanstorm, kom die Gees van God en jaag dit op loop. (Jes.59:19)

Een van die grootste misverstande rondom herlewing is dat daar algemeen gedink word dat herlewing slegs oor die redding van mense gaan en dat dit iets is wat in die kerk gebeur, maar min sigbare verskil in die gemeenskap daar buite maak. Die feit is dat elke herlewing, veral die 1857-1862 herlewing, enorme sosiale impak gehad het. In baie lande het skole en universiteite as direkte gevolg van hierdie herlewing tot stand gekom. Die duisende sendelinge wat na die onbereiktes toe gegaan het, het 'n holistiese benadering tot sending gehad, wat beteken dat orals waar hulle gekom het, het hulle hospitale en skole opgerig, landbou bevorder en gehelp met verskillende vorme van ondersteuning vir publieke administrasie. Mense wat deur die herlewing aangeraak is, het na elke vorm van menslike nood in hulle samelewing uitgereik en bv. voedingskemas vir noodlydenes, noodlening, behuising vir haweloses en ongehude moeders is geskep, rehabilitasie-sentrums vir alkoholiste, weeshuise, prostitute en psigiatryse inrigtings is gevestig, dierebeskermingsverenigings het tot stand gekom en daar is beding vir die basiese regte van werkers en slawehandel is deur wetgewing teengestaan. Wetgewing om kinderarbeid onwettig verklaar te kry en jeugmisdadigers deur wetgewing te beskerm en verskeie ander vorme van wetgewing vir die beperking van verskillende vorme van geweld en uitbuiting van mense wat magteloos was om vir hulleself te veg, is in baie gevalle deur Christene aangevoer.

Moenie hierdie kort beskrywing as 'n stuk kerkgeskiedenis lees nie. Sien God wanneer jy lees. Kan God dit weer doen? Het God se krag minder geword? Of soos iemand dit uitgedruk het: Waar is die God van Elia? Die antwoord: Waar Hy nog altyd was, op die troon. Hoor wat die Gees vir jǎu sê!

Wie is Sammy Tippit ??

Sammy Tippit, 'n Kanadees, gaan op Dinsdag 18 Mei, hier by ons gemeente kom preek. Hy is 'n wêreldbekende prediker op die gebied van herlewing.

Hy het oor die laaste paar dekades christene regoor die wêreld bedien met die Woord. Tans preek by by van die grootste evangelistiese byeenkomste ter wêreld.

Tippit het 'n historiese hoogtepunt bereik toe hy 'n skare van van meer as 300,000 mense toegesprek het in Addis Ababa, Ethiopia, gedurende Maart 1999, oor die verloop van vier dae. Gedurende Meimaand van dieselfde jaar het hy in die wêreld se grootste stadium geleë in Rio de Janeiro, gepreek. Nie allen het duisende mense by hierdie geleentheid tot bekering gekom nie, maar was ook bygewoon deur die goewerneur, vise-goewerneur en burgemeester van die stad. In slegs die laaste 40 jaar van sy bediening het Tippit die evangelie verkondig in meer as 80 lande regoor die wêreld.

'n Paar hoogtepunte van Sammy Tippit se bediening:

- Stigting van 'n evangelisasie organisasie, God's Love In Action, in 1970 (word nou Sammy Tippit Ministries genoem).
- Begin straat-bediening in die hoë misdaad distrik van Chicago in 1970, waar hy werk met bendes, dwelverslaafdes en onstabiele jeugdiges. Hy raak bekend as die leier van die "Jesus Movement" in Chicago.
- Werk gedurende 1972 saam met Jerry Jenkins (skrywer van Billy Graham se topverkoper biografie , Just As I Am en mede-outeur van die top verkoper fiksie-reeks, Left Behind, aan 'n outobiografie van sy jongmenslewe.
- Ontvang 'n ere-doktorsgraad vanaf Lancaster Bible College in 1993.
- Hy is tot dusvêr skrywer en mede-skrywer van 14 boeke, wat dan ook in verskeie tale vertaal is.
- Begin 'n televisie bediening in Iran gedurende 2004.
- Stel 'n boek-, werkboek- en DVD reeks bekend gedurende 2007 genaamd, "Praying for Your Family".
- Sammy tree reeds al vanaf 2001 op by nasionale konferensies oor herlewing in Amerika, en sê dat hy 'n brandende passie het om die boodskap van verlossing en herlewing wêreldwyd te verkondig.

Sammy het 'n spesiale boodskap vir jou!
Maak seker jy is daar om dit te ontvang!

Naamloos Jeugbediening

Die eerste kwartaal van 2010 was 'n opwindende kwartaal vir Naamloos Jeugbediening, waarin allerhande nuwe dinge begin is!

Ons wil hê dat alle jongmense van ons gemeente geestelik moet groei, in 'n omgewing waar hulle hegte vriendskappe kan hê, hul passies kan uitleef en aktief aan die kerk se aktiwiteite kan deelneem. Om aan hierdie behoeftes te voldoen moet kerk lekker wees; wie wil tog na 'n "boring" kerk gaan wat uit pas is met hul alledaagse lewe?!

Daarom het ons elke Sondagaand om 18:30 'n jeugdiens, wat interessant en opwindend is, maar bo alles 'n boodskap van lewensverandering en groei verkondig. Om die lewensverandering egter beter te beleef moedig ons almal aan om deel te raak van 'n jeugselgroep. Ons ou kategesegroepe en die ou SKJA en BKJA omgegroepe is daarom in 14 nuwe selgroepe verander. Hoërskooljeug het nou 'n keuse of hulle op 'n Sondag om 17:30 of gedurende die week, by 'n selgroep wil inskakel. Daar is Dinsdae, Woensdae en Donderdae selgroepe om 17:30 en 19:30. Naskoolse jeug kan ook enige van die selgroepe gedurende die week bywoon.

Verder wil ons elke persoon help om te voel dat hulle 'n bydrae tot die kerk lewer, daarom het ons nuwe bedieninge begin waarin jongmense hulle passies en talente kan uitleef. Daar is 'n kunstebediening, multi-media-, uitreik-, verwelkomingsbediening en nog vele meer!

Moedig jou kinders aan om betrokke te raak by Naamloos jeugbediening, en help hulle om op hierdie wyse nader aan die Here te groei, mooi vriendskappe aan te gaan, en hulle tyd aan postiewe dinge te spandeer.

En as jou kind nie wil kom nie? Stel self die voorbeeld - kom besoek 'n aandiens, en sleep jou kinders saam!

Louis Scheepers



Meimaand is Ma-Maand (Maretha Maartens)

Dis Meimaand, Mammie, en oral hoor ek woorde wat meteens so mooi met *m* begin: *moeder, middelpunt, mededoener, messelaar van my menswees*. Dis winter en die wind bly fluister: *waardeer, waardeer, waardeer haar meer*.



Geskenkpapier is geredelik bekombaar, Ma maar wat ek wil gee, kan eintlik net met 'n knop in die keel en in die gesproke of geskrewe woord verpak word: al die dankies wat Ma nie ontvang het nie, omdat ek hulle nooit uitgespreek het nie; al die *vergewe my's* waarvan die prys vir my destyds heeltemal buitensporig was; al die aanraak wat ek vermy het, al die liefde wat ek nie uitgeleef het nie, al die berou waarvan Ma nie weet nie, al die getuigskrifte wat ek self vir Ma wou skryf want in my lê die neerslag van Ma se adel en sorg; onder my voortsnellende voete voel ek steeds die fondament wat Ma lank gelede met vakmanskap gelê het.

Dis Meimaand, Mammie, en ek kniel voor God om vandag met al die liefde van 'n dankbare dogter se hart die keur van Sy Seën oor u af te bid!

TOTSIENS: aan ds. Ernst & Susan Richmüller

Ds. en Susan, dit is met 'n swaar hart dat ons gemeente afskeid neem van julle.

Ds. met die jare heen het u diep voetspore getrap in ons harte en was u 'n ware steunpilaar. U pragtige humorsin het altyd gesorg vir glimlaggies waar u ook al gegaan het. Dankie, dat u die senior lidmate deurentyd so pragtig versorg en bedien en altyd net die beste vir hulle in gedagte gehad het. Ons dank die Vader vir die tyd wat Hy ds. aan ons gemeente geleen het.

Ons gaan julle geweldig mis, maar is saam met julle verheug oor die wonderlike avontuur wat jul nou saam met die Vader en die nuwe gemeente daar in Modderrivier, gaan aanpak.

Alle sterkte, koester en geniet elke oomblik van jul avontuur! God's rykste Seën word julle toegewens.

Aangebied deur:
NG Rietfontein-Suid

MOOT KARNIVAL 2010



11 September 2010

Vanaf 07:00 tot 15:00

**Hoër Tegniese skool John Vorster
Meyerstraat, Villieria**

Beskikbaar:

- Koffiekroeg
- Wit Olifant
- Vlooiemark
- Speletjies
- Boeresport
- Vars Produkte
- Jaffels
- Slaptjips
- Koeldrank
- Sosaties
- Hotdogs
- Pannekoek
- Nagereg
- Koek

Potjiekos Kompetisie!

KONTAK:

Frieda @ 083 235 0236
frieda2@mtnlloaded.co.za

PROFIEL - ds Leon en mev Chrissie van Heerden

Ds Leon groet my en Naomi met 'n glimlag en 'n stewige handdruk. Nee, Chrissie kon dit nie maak vir die onderhoud nie, sy onderrig mos pottebakkerie. Kunstige vrou. Dit sien mens aan die ou melkemmer, die bondel kieres en die blikbekertjie wat jou in die portaal begroet, die Kinderbybeltoneel van kameel- en donkiebeeldjies in die studeerkamervenster. Ook in die stralende sitkamer, vol kleur en met Chrissie se skilderye.



Hy gesels in 'n sagte stem oor sy gesin en sy roeping. Hulle is nou al 26 jaar in hierdie gemeente. Onlangs het 'n jong seun vir sy pa gesê hy wil eendag soos ds. Leon wees: 'n "huisman". Dit maak vir my sin. Toe Waldo en Lourens kinders was, het hulle een keer per week huisvergadering gehad, dan kon almal praat oor wat goed is en wat hinder, want kinders het ook 'n stem, hulle moet deelneem sodat hulle kan verstaan. Chrissie het nie gewerk voordat die seuns in graad 3 is nie, en dan ook net halfdag. Vandag studeer Lourens ingenieurswese deur die SA Vloot. Waldo is 'n biokinetikus en o.a. afrigter van 'n opkomende hekkiesatleet. Hy is ook die pa van die van Heerdens se enigste kleinkind, en, moet ek weet, nêrens is daar so 'n wonderlike, pragtige, dierbare kindjie nie ...

"Watse boodskap het u vir ons in 'n tyd van soveel haat en geweld en vrees?"

"Die wete dat Christus nog altyd in beheer van alles was en dat Hy dit sal bly; daarom moet ons nie vrees nie," antwoord hy rustig. Die opregte geloof wat uit sy stem en oë straal in hierdie eenvoudige maar kragtige wete, bring 'n stille vrede in mens se gemoed. "Liefde sal ons en almal rondom ons dra. Ons moet bid vir ons vyande en ons geliefdes."

En Islam, byvoorbeeld, moet ons hulle verdra? "Ja, ons mag hulle nie oordeel of haat nie, ons moet vir hulle bid."

Haat, vir mense wat ons pyn en skade aangedoen het, wat doen ons daarmee?

"Kyk, dis menslik om kwaad te word, om in opstand te kom. Mens moet onthou vergifnis is 'n proses, dit gebeur nie oornag nie. Streef daarna om daardie mens eendag te kan kwytsekeld en uiteindelik sal jy vir hom of haar kan bid. Dan is jy en jou vyand waarlik vry."

Hy glimlag en kyk na die goue poel son op die mat toe ek vra oor die onderdanige vrou en die man as heerser. Sy stem is helder toe hy opkyk: “Die man heers nie in die sin van baasspeel nie, hy lei en hy beskerm. Hy erken sy vrou se gawes en sy erken syne. Dit is waarna daardie vers verwys.”

Die moeilikste oomblik in sy roeping – hy was toe nog ’n jong predikant en pas in die bediening – was toe ’n terminaal siek vrou hom gevra het wat beteken hierdie lewe. Hy was eerlik genoeg om vir haar te sê hy wil eers gaan dink. ’n Nag lank het hy wakker gelê oor hierdie vraag wat so dikwels gevra word en wat hy nou moes antwoord. Die volgende dag was hy terug langs die siek vrou se bed. “Christus is in beheer en ons ly soos hy gely het. Nie as martelaars nie, maar omdat dit deel van God se plan en beheer is.” Daar is dit weer, die vaste en suiwere geloof dat ’n Opperwese ons lewe rig. Dit is ons vertroosting in ’n stukkende wêreld.



Sy passie is mense, die gelukkiges, die armes, die lydendes, almal. Dit is ook wat hy in sy gemeente uitdra, dat niemand moet voel hy is alleen nie. Barmhartigheid, dit is wat hy ook aan sy seuns oorgedra het, daarom reik hulle vandag benewens ’n beroep en studie ook uit na ander mense, na soekende jongmense, na dié wat verbreek is van hart en na bedelaars. ’n Bekertjie warm sjokolade, ’n geselsie. En eintlik beteken die geselsie meer as die warm drankie.



Daardie woord “liefde” op draad gemonteer bokant die kieries in die portaal kry vir my nuwe betekenis, dit is nie net ’n woord nie. In hierdie huis en hierdie mense gaan oorstroomende liefde tuis. Dit laat my dink aan iemand wat eenmaal geskryf het dennebome se wortels stuur seine uit na ander dennebome om inligting oor voedingstowwe en water te versprei. Hierdie gemeente is ’n geurende dennewoud.

Voor ons vertrek, vat ons eers hande en hy doen vir ons ’n gebed. Hy sê dankie en hy vra genade.

Ek staan ontroer. Hoe goed is dit om ’n kind van die Here te wees.